NUUSBRIEF VAN DIE HOUTWERKVERENIGING VAN PRETORIA

Tambotie

NEWSLETTER OF THE WOODWORKING ASSOCIATION OF PRETORIA

www.ptawoodworkers.com

Maart 2011 **March 2011**

Redaksioneel

Na die Februarie vergadering is dit duidelik dat ons sommer heelwat nuwe dinge het wat aan't gebeur is en skynbaar nog gaan kom. Hoewel ek, as 'n senior burger, meer geneig is om van goed te hou wat reeds verskeie jare goed gewerk het en dus eintlik teen grootskaalse veranderings gekant is, is dit vir my bemoedigend om te sien dat ons komitee goeie en vernuwende idees het. Ek het veral tot hierdie insig gekom toe ek by Hobby X 'n draaibeurt beman het. Dit was lekker om 'n mooi banier van ons vereniging te sien en op te merk dat heelwat mense navraag oor die vereniging gedoen het. (Hierdie navrae was in die verlede effens minder as vanjaar) Na aanleiding van die navrae kon ek ook 'n pamfletjie, wat mooi en beskrywend is, aan die belangstellende oorhandig. Ek glo dat hierdie poging resultate ten opsigte nuwe lidmaatskap gaan oplewer.

Hoewel daar in die voorsitter se deel verderaan uitgewei word oor verdere veranderings, wil ek tog hier aan al die Tambotielesers uitwys dat die Tambotie voortaan nie meer elektronies versprei word nie. Dit kan nou van die web blad afgetrek word. Ek sal steeds die slakpos weergawe aan lede sonder rekenaars stuur. Sodra ek die Tambotie aan die webblad drywer gestuur het sal ek al die lede verwittig sodat hulle op die webblad insae daaroor kan kry. Dit word vertrou dat hierdie reëling byval sal vind en dat dit sal bydra tot die benutting webwerf se benutting.

I do wish to encourage our members to support the committee in their efforts with the new innovations. Movement, however big or small, indicates progress, and a lack of movement may indicate stagnation. Let us all participate wholeheartedly to see if we can stir up renewed interest in our doings.

I see that we now have more computer fundis on the committee. The use of powerpoint, to help organise the meeting, went down well!

Weet u dat 'n mens by 'n kerkbasaar uie moet braai waar jy die braaivleis wil verkoop? Die reuk trek kliënte van vêr af nader. Indien jy 'n draaidemonstrasie moet gee werk kamferhout op dieselfde manier. Ek het by Hobby X toevallig 'n stukkie kamferhout gebruik om 'n sampioen mee te draai. Ek kon nie glo hoeveel mense nader gestaan het net om te verneem wat se hout gebruik word nie. Meeste wou ook verder aan die snysels ruik!

Programme forMarch

- **Saturday, 12 March, at 09h00: The cabinet makers will meet at Paul Roberts' workshop. The theme for the day is Planing: Machine and Hand Planing. Remember to bring the trophies that you have made for handing over to the Crested Barbets Woodcarvers guild to replace those that were stolen.**
- **Wednesday, March, at 18h00: The turners will meet at Kobus Mostert's workshop. The homework will be the making of tropies for handing over to the**

Crested Barbets Woodcarvers guild to replace those that were stolen. There will also be a demonstration of wood carving.

- **Wednesday, 30 March, at 18h00: The monthly meeting will be held at the Botany Laboratory, University of Pretoria. The discussions for the evening will be on Antique Tools by Tom Howden of the Witwaters Rand Woodworking Association. (Any member in possession of old/antique tools are invited to bring it along as Tom would be willing to value these and to discuss such items during the evening.)**

At Smit demonstrating at Hobby X

From the Chair

The year has started with a lot of activity and I must express my appreciation to the Management Committee members and also to the Association members for their enthusiastic support. The Committee has built on the work of the past Committee and has introduced the following **INNOVATIONS:**

- **Budget:** A draft budget for 2011 has been prepared and will be refined in March, where after it will be published for information and comment of the membership;
- **Monthly Meetings:** We introduced a PowerPoint presentation on the various notices and hope that this added value and interest to the February meeting;
- **Publicity:** The Committee is developing various items of printed publicity material in order to increase public awareness and attract membership. Examples were shown during the above PowerPoint presentation and received general support.
- **Tambotie Distribution:** In future persons with e-mail facilities will receive an e-mail informing them that the latest Tambotie is now on the Association's website and can be downloaded. Members without e-mail will receive Tambotie in the post as usual. Attendees at the February meeting supported this approach as it also offers an opportunity to browse through the website.
- **Website:** We have, in the interest of transparency, added the minutes of our Management Committee meetings to the website. Our Webmaster, Leon Wolmarans, has added a most useful feature on our "Yellow Pages" *Where to Find It* and has made it interactive and also much easier to update. Please test it out and give us your reaction. We received an e-mail from a person in the USA who had looked at our website and his comment was:*"Very impressive and professionally done! I would never have guessed at the level of interest in this profession/hobby in your part of the world"*. **Well done Leon!**
- **Vereniging se Hemp:** Die Komitee het besluit geneem om 'n blou hemp, soos in die foto getoon, vi ons lede te bekom. 'n Vereenvoudigde embleem sal op die sak aangebring word. Die geraamde koste is ongeveer R110 per hemp en as ons 'n borg kan kry

sal dit heelwat laer kan wees. Opnames by verskillende vergaderings het entoesiastieste ondersteuning uitgelok. Verdere besonderhede volg.

Vereniging se Hemp

(Embleem op sak)

- **Abranet:** Kobus Mostert beplan om abranet grootmaat (en goedkoop) aan te koop en dan in kleiner hoeveelhede aan lede te verkoop. ‘n Opname tydens die Februarie vergadering het belangstelling getoon. Verder besonderhede volg;
- **Video fasiliteite:** Video-toerusting is tydens die onlangse Draaiersbyeenkoms suksesvol getoets. ‘n Videokamera en projektor is gebruik om die beeld op ‘n groot skerm te toon. Die toerusting sal aangeskaf word. Ons beplan ook om DVD’s van hierdie opnames aan Lede teen lae pryse te verkoop.

Uitstalling / Exhibition

Ek het in die vorige weergawe van Tambotie aangedui dat die Komitee besluit het om die Uitstalling op 27 Augustus 2011 by die Nuwe Hoop-Skool te hou. Tydens die voordrag gedurende die Februarie vergadering het ek van die voordele van die Skool uiteengesit en van die foto’s word hieronder getoon.

Nuwe Hoop-Skool

Veilige parkering

Saal

Kombuis

Bedekte gebied vir demonstrasies en eetplek

Buite-area vir verskaffers

Project Plank has already been announced for July and we have had further feedback from the New Hope School. The toys will again be donated to the school which is celebrating its 40th Anniversary. **Die tema van Projek** Plank is:

Outydse Speelgoed

[Toys of Yesteryear]

Raadpleeg die biblioteek, Internet en skakel Elsabé Vermaak vir voorbeelde en voorstelle!

Verlede maand het u terugvoer oor die jaarvergadering saam met Tambotie ontvang. Ongelukkig in my haas het ek nie die **2010 Voorsitter se verslag** na aftasting geproeflees nie en heelwat foute het ingeslyp. 'n Korrekte weergawe is nou op die webwerf beskikbaar. My verskonings aan Willie de Wet. Dit laat my dink aan die ou houtwerker se reël: *Meet twee keer en sny een keer!*

We undertook to make **trophies** for the Woodcarvers' Guild and you are encouraged to participate. I will collect trophies from the Cabinet Makers on 12.3.2011 and the Turners must bring theirs to the joint meeting with the Woodcarvers on 16.3.2011. There is no specification for such a trophy, other than that it should be able to accommodate a number of award name plates.

Membership issues have pre-occupied the Committee during the last month. So far we have only about a 60% response to the payment of membership fees. Please pay as soon as possible as we intend to finalise our membership list at the end of March. Banking details were provided in the *pro forma* invoice which was sent to you last month. We now have a Visitors' Book for monthly meetings and will encourage visitors to join. We will follow up on these Attendees to join the Association.

Ons sien uit na 'n interessante houtwerkmaand en die komende vergaderings.

Groete

Paul Roberts

Voorsitter / Chairman

Vorige maandvergadering

Hierdie vergadering het nogal vir vele interessante dinge gesorg.

Eerstens het die voorsitter met heelwat innoverende gedagtes vorendaggekom wat almal werklik die lede teenwoordig se aandag geprikkel het, al was dit net weens die feit dat dit nie soos voorheen was nie!

Die voorsitter se deel, wat in "from the chair" hierbo gedek is was opgevolg met 'n insiggewende praatjie deur Thinus Labuschagne, van die staal firma, Bohler Uddeholm. Dit het gegaan oor die eienskappe en kwaliteit van gereedskapstaal, soos hulle dit aanbied. Die firma kan aan ons lede, wat byvoorbeeld hul eie gereedskap wil vervaardig, geskikte staal verkoop. Nadat die staal deur die lid verwerk is in die vorm van 'n beitel of wat ook al, kan die firma ook die hitte behandeling doen om te verseker dat die gereedskapstuk optimaal sal funksioneer. Thinus kan gekontak word by 082 875 5635 of by sy e-pos adres Thinus.l@bohler.co.za

After the talk on steel, Rajen Naidoo, fromSaint-Gobain Abrasives(Pty) Ltd did a comprehensive talk on grinding wheels and their properties. If our members have specific requirements for grinding wheel and abrasives it is suggested that they should lay their problems with Rajen who would be most willing to assist in getting the right solution to your problem. 011 961 2000 or rajen.naidoo@saint-gobain.co

Cabinet makers

We had a record attendance of 18 persons which included one new member (Eric McAlister) and a guest from KwaZulu Natal at our last meeting. Several of our members had also sent in their apologies. This increase of interest is most encouraging.

A full workshop!

The **theme of the day was on biscuit jointing.** **Klaas Coetzee** did the demonstration and highlighted the application of the biscuit joint. Klaas referred to an article in Fine Woodworking 158 (FWW 158 pages 84 and 86) regarding the Top 10 unavoidable truths of woodworking. Paul undertook to send electronic copies to members of the Cabinet Makers Interest Group.

Biscuit joints have their own particular application in cabinet work. Sometimes they are not needed for strength purposes, but for accurate registration when joining wood for a table top. The joint does offer some flexibility in the longitudinal direction and assists with the alignment of components. Three biscuit sizes are normally used for various applications and wood thicknesses. They are denoted by sizes 0 (8mm depth of groove), 10 (10mm depth) and 20 (12.3 mm depth). The design of the machines differ somewhat as do the scales denoting the height of the centreline of the cutter from the base plate. The quality of biscuits varies quite considerably as reported in Tambotie April 2010. Klaas found that the biscuits sourced from Wholesale Cabinet Fittings in Silverton were at a reasonable price and good quality. The Lamello biscuits are of an excellent quality.

Quality of biscuit cutters vary as do the prices and as the article in FWW says "You get what you pay for". A person contemplating buying

a biscuit cutter must asses the various factors such as usage, cost, accuracy etc. The biscuit cutters at Adendorff (Power Plus) are cheap, but are of surprisingly good quality. The biscuit cutter can be clamped in a vice using the large handle and this is useful for thin and small items.

Safety aspects were mentioned and important matters are:

- Use ear protection. A most convenient and excellent type is custom-made hearing protection. Various Audiologists make these fitted earplugs eg Mariet du Plooy (mduplooy@lantic.net) or www.protecear.co.za
- Do not wear gloves;
- Use suitable dust extraction (bag or vacuum);
- Clamp work securely;
- Use both hands to operate the biscuit cutter.

Klaas illustrated the application of the biscuit joint with a framed structure with some mitre and butt joints. Some of the components were of different thickness and one must be careful to mark up the reference face to ensure that all components are flush.

Klaas Coetzee cutting biscuit joints in a frame

(Next time Klaas should rather wear the ear defenders!)

Before gluing one should dry-assemble the item to assess whether everything fits and also how clamps will be applied. Appropriate glues were mentioned. Generally the white PVA glue works well for most applications as it gives more gluing time. For edge jointing use the Professional Glue. Do not use the express glue except for small jobs as setting time is fast. A simple glue applicator can be made for putting glue into the slot. Use a small nozzled glue bottle and place a small length of plastic straw on the end. Seal the end with heat and drill two small holes on the side of the straw for the glue to emerge.

Dry assembly of the frame components

Alexei Migachev showed me a dining room chair that he had restored shown in the photograph below. The restoration was complex and required the construction of new tenon joints as well as the insertion of other new wood into the frame to ensure structural integrity. Use was made of an epoxy resin for gluing as it is an excellent gap filler. He has not yet redone the upholstery. Is this the start of a **Restoration Group?**

Alexei with restored ding room chair

Brian hosted us to an excellent refreshment break on the stoep. We had a group photo of all draped around Brian's concrete garden sculpture.

Cabinet Makers group (Paul behind the camera)

The **next meeting** will be at the **workshop of Paul Roberts, 158 High St, Ashlea Gardens** at **09h00 on Saturday 12 March 2011**. The main **topic** for the day will be on **Planing: Machine and Hand Planing.** Please bring your own ear protective devices. We will demonstrate the basic elements of machine surfacing and thicknessing as well as how to deal with "problem" planks. The use and role of a variety of hand planes will be presented as well.

Paul Roberts

Draaiers se hoekie

Die draaiers het by Leon Langenhoven se werkswinkel byeengekom en die bywoning was baie goed maar ongelukkig kon Jack nie die stoel inneem nie. Hy het om verskoning gevra en die getroue slaaf , Willie de Wet het vir Jack ingestaan. Lou Coetzer en Louw Trichardt het ook om verskoning gevra.

Die eerste punt van bespreking was die trofee wat aan die Snyersgulde belowe was. 'n Dringende beroep is aan alle lede gemaak om asb. nie die Houtwerkersvereninging in die steek te laat nie en met die volgende vergadering asb. minstens een trofee per persoon te oorhandig. Dit kan tog sekerlik nie so moeilik wees om 'n paar gevormde plankies aan mekaar te skroef of te lym nie. Daar word sowat 70 trofee benodig.

Die huiswerk vir volgende maand is om 'n trofee te vervaardig wat dan by die volgende vergadering ingehandig moet word. Die volgende vergadering word by Kobus Mostert se huis gehou. Pauline Spruijtstraat 389, Garsfontein. Indien u nie seker is hoe om by sy plek uit te kom nie kan hy by die volgende telefoon nommers gekontak word: 012 361 7498 en 072 171 4005. Kobus sal seker bly wees dat hy nie die stoele hoef te karwy nie.

Die uitstalling vir die Snyersgilde is vanaf 29 Maart 2011 tot 2 April 2011 by die NG kerk Waverley. Die draaiers is ook gevra om deel te neem aan die uitstalling en die komitee sal finale besluit hieroor neem en met die volgende vergadering die finale reëlings

bekend maak. Ondersteun asb. ook waar moontlik hierdie uitstalling. Daar word meer intensiewe bemarking deur die Snyersgilde gedoen as verlede jaar.

Die huiswerk vir die maand was dunwand-draaiwerk en soos gewoonlik ook enige ander werk wat die lede graag wil vertoon. Daar was heelwat stukke tentoongestel en die draaiers het soos gewoonlik nie teruggestaan vir die dunwand-draaiwerk nie. Daar was self 'n hele paar stukke vertoon wat probeer wys hoe dit nie gedoen moet word nie. Nadat die bytel sy deel gedoen het, is die laasgenoemde nie juis dit wat die draaier in gedagte gehad het nie. Almal het hul waardering (en simpatie) vertoon met die pogings wat vertoon was.

Andrew en At het na die bespreking vir ons gewys hoe dun wande gedraai kan word en ons het soos gewoonlik baie geleer. Andrew het ons ander draaiers laat goed voel en na aan die einde gewys wat gebeur indien die wand te dun gedraai word.

Soos gewoonlik met ons besoek aan Leon Langenhoven is daar weer gebraai na die vergadering en ons wil vir Leon en sy vrou bedank vir die moeite wat hulle gedoen het om die braai 'n groot sukses te maak. Ons is nie seker of die vuur met braaihout of oorskiet draaihout gemaak was nie maar dit het die vleis maklik gaar gekry. Die pap en die sous wat Leon se vrou gemaak het was 'n treffer van die beste. Selfs 'n Kapenaar sou hom daarmee kon versoen. Die potbrood wat deur Waldo voorsien was, het ook 'n verskil gemaak.

Gedurende die braaiery is daar baie sake bespreek en 'n paar dinge is van belang wat die mense te sê gehad het. een groep het dit genoem dat dit vir hulle so besonders is om ander persone se werkplek te besoek want daar is iets te leer uit net dit wat in daardie werkplek te sien is. Die wens is uitgespreek dat al die lede van tyd tot tyd hul koninkrykie sal beskikbaarstel vir vergaderings en so aan ons ander die geleentheid te gee om met die oë te steel. Om die braaivleis vuur het ander weer opgemerk dat dit lekker is om te leer en op hoogte te bly deur die vergaderings by te woon maar die kameraadskap was vir hulle net so belangrik. Dit is lekker om te hoor wat ander draaier wat doen en graag wil doen.

Die wegbreek van die normale en alledaagse lewe maak dit beslis die moeite werd.

'n Paar foto's word ingesluit om die dag se verrigtinge te illustreer.

Waldo Fourie

Some examples of At Smit's work for the month

More of the homework being checked by At

At demonstrating thin hollowing

Andrew showing us how to do it

After all the hard work time was taken to really enjoy the Saturday. This is where a lot more serious turning is discussed.

Nuwe lede

Ons wil net graag die volgende nuwe lede in vereniging welkom heet. Ons hoop dat julle sommer maklik by ons sal inskakel en al die voordele, waarvan nuwe vriendskappe seker die belangrikste is, sal geniet. Onthou tog dat die hoeveelheid genot wat jy uit die vereniging gaan put, grootliks sal afhang van jou deelname aan ons aktiwiteite.

Michael Furstenburg

Adres: Plot148, Bosuilweg, Kameeldrif

Telefoon: 083376 1723

Johan Labuschagne (Ons het sy detail verloor)

Eric McAlister.

Address: 761 Bates Street, Moreletta Park

Telephone: 012 993 4583 or 084 421 5536

Dankbetuiging

Hiermee my opregte dank en waardering vir die eer en voorreg om erelidmaatskap van die Houtwerkvereniging van Pretoria te kon ontvang. Ek beskou myself as besonder bevoorreg om saam met reuse soos At Smit, Louw Trichardt en Willie Marneweck in dieselfde asem genoem te word. Komende van ons vereniging en in besonder van Willie de Wet en sy komitee, maak hierdie toekenning vir my soveel meer spesiaal en het dit vir my besondere betekenis en waarde. Baie dankie daarvoor. Ek sal hierdie gebeurtenis nooit vergeet nie.

Lou Coetzer

Februarie 2011.